GEWORTEL IN HOM

HOE DIEP IS ONS GELOOF GEWORTEL?

KORT GEDAGTES

n Man gesels met ‘n sekere boer oor sy pragtige soya boon en mielie-plantasies

.....

GEWORTEL IN HOM

HOE DIEP IS ONS GELOOF GEWORTEL?

n Man gesels met ‘n sekere boer oor sy pragtige soya boon en mielie plantasies. Die boer gesels met opgewondenheid oor die hoë hoeveelheid reën wat die seisoen geval het. En mens kan duidelik die resultaat sien.

Die boer vertel dan hoe groot probleem dit eintlik is. Hy sê ‘n kort droogte na die magdom reën kan verpletterende gevolge te weeg bring. Maar hoekom?

Die boer verduidelik; alhoewel daar gereeld groot reëns val, en dit brood nodig is vir die groei van die plante, veroorsaak dit dat die plante nie hulle wortels diep in die grond in stoot nie. Dis nie nodig nie want die water en voeding is altyd daar, oppervlakkig.

En dan, wanneer die swaar tye kom, die droogte tydperke, vrek die plante vinnig, want die wortels is nie diep genoeg geanker nie.

Die Woord van GOD sê:

Efes 4:12 om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk, tot opbouing van die liggaam van Christus,
Efes 4:13 totdat ons almal kom tot die eenheid van die geloof en van die kennis van die Seun van God, tot ‘n volwasse man, tot die mate van die volle grootte van Christus;
Efes 4:14 sodat ons nie meer kinders sou wees nie wat soos golwe geslinger en heen en weer gedryf word deur elke wind van lering, deur die bedrieëry van die mense, deur sluheid om listiglik tot dwaling te bring;

1Pet 4:12 Geliefdes, verbaas julle nie oor die vuurgloed van vervolging onder julle wat tot julle beproewing dien, asof iets vreemds oor julle kom nie;
1Pet 4:13 maar namate julle gemeenskap het aan die lyde van Christus, moet julle bly wees, sodat julle ook by die openbaring van sy heerlikheid met blydskap kan jubel.

Slegte tye sal daar altyd wees, dit is verseker. Die WOORD van GOD sê dis nie vreemd nie. Kinders van die HERE JESUS CHRISTUS verdiep julleself in wete, HY het klaar vir enige probleem wat jy mag beleef gesterf. As die swaar tye kom, weet dat jy saam met HOM gekruisig is.

John Newton, ‘n slawedrywer wat later in sy lewe bekeer het tot CHRISTUS skryf die volgende:

I asked the Lord, that I might grow
In faith, and love, and every grace;
Might more of His salvation know,
And seek more earnestly His face.

I hoped that in some favored hour
At once He’d answer my request,
And by His love’s constraining power
Subdue my sins, and give me rest.

Instead of this, He made me feel
The hidden evils of my heart;
And let the angry powers of hell
Assault my soul in every part.

Yea more, with His own hand He seemed
Intent to aggravate my woe;
Crossed all the fair designs I schemed,
Blasted my gourds, and laid me low.

“Lord, why is this?” I trembling cried,
“Wilt thou pursue Thy worm to death?”
“‘Tis in this way,” the Lord replied,
“I answer prayer for grace and faith.

John Newton het ook “AMAZING GRACE” geskryf.

Onthou altyd:

Jes 41:10 Wees nie bevrees nie, want Ek is met jou; kyk nie angstig rond nie, want Ek is jou God. Ek versterk jou, ook help Ek jou, ook ondersteun Ek jou met my reddende regterhand.